# Ontmoeting 2

## Miere, dassies, sprinkane en geitjies

Kinders leer van die diertjies in die Bybel

**Teks:** Spreuke 30:24-28

**Hulpmiddels:**

- Papier om diere name op te skryf/prente van diere uitgedruk
- Pen/potlood
- Afgerolde insek-/diere legkaart per kind of groep (legkaart moet klaar in stukke geknip wees)
- Inkleurkryte vir die inkleur van die klaargeboude legkaart
- Sandboks
- Plastiekdiertjies of prente daarvan: mier, dassie, sprinkaan, geitjie
- Takkies en blare
- Plastiek lepels (2 per kind)
- Pypskoonmakers (3 per kind)
- Ogies/kraletjies vir ogies (2 per kind)
- Wit papier
- Pypskoonmakers
- Inkkussing
- Wit papier

**Welkom**

**Stomstreke**: Verdeel die kinders in 5 groepe. Skryf vyf diere name/diereprente op 'n stukkie papier neer, vou dit toe en sit dit in 'n hoed of sak. Roep 'n vrywilliger uit elke groep vorentoe. Elkeen trek 'n papiertjie uit die hoed. Hulle moet nou elkeen vir hulle groep die dier op die papiertjie verduidelik sonder om te praat. Die groep moet raai watter dier hulle voorstel. (Indien jul kleiner groepe het, kan elke kind 'n beurt kry.)

**Wyding**

**Stilword-ritueel:**

Sê die volgende vers saam of herhaal agter die leier: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam." (Ps 23:1-3)

**Woord**

*(Begrawe voor die tyd 4 diertjies of prente van diertjies in die sandboks: mier, sprinkaan, geitjie, dassie)*

Ons het netnou 'n lekker speletjie gespeel waar julle moes raai watter dier julle maats nagemaak het. Ek wonder watter dier sou jy wou wees as jy self kon kies? (Gee vir die kinders kans om te reageer en vra hoekom hulle daardie spesifieke dier gekies het. Indien dit 'n groot groep is, vra net 'n paar kinders watter dier hulle sou kies.)

Noem ŉ paar diere as ŉ voorbeeld:
Leeu – magtigste van al die diere
Olifant – baie sterk
Seekoei – gevaarlikste soogdier
Die Bybelboek Spreuke is ŉ versameling van baie gedagtes en gesegdes wat ons help om wysheid te hê. Weet julle wat wysheid is of wat dit beteken om wys te wees? Om wysheid te hê, is om te verstaan hoe dinge werk, om goeie besluite te neem en om dinge te sien vir wat dit werklik is.
In Spreuke 30 lees ons van vier baie klein diertjies wat ons help verstaan wat wysheid is. Dit is vier diertjies wat ons dalk sou miskyk. Miskien wil ons op hulle trap omdat ons vir hulle gril of omdat hulle vir ons niks werd is nie, maar hier sien ons dat ons iets by hulle kan leer.
Watter vier diertjies dink julle het die meeste wysheid? *(Gee die kinders kans om te reageer.)* Ons kan al vier hierdie diertjies tussen sand en klippe kry. Ek het die diertjies hier in die sandboks begrawe. Julle sal my moet help om hulle te soek.
Roep 4 kinders vorentoe om na die diertjies in die sand te kom soek. *(Indien jy nie ŉ sandboks het nie, kan jy net die prente van die diere uitdruk en dit vir die kinders wys. Wys die diertjies vir die groep soos wat die kinders die diere uit die sand haal.)*
Lees Spreuke 30:24–28 vir die kinders:
Daar is vier goed in die wêreld wat klein is maar buitengewone wysheid het:
miere is nie sterk nie en tog sit hulle in die somer vir hulle kos weg;
dassies het nie veel krag nie en tog maak hulle hulle tuis teen die kranse;
sprinkane het nie ’n koning nie en tog trek die hele swerm in formasie;
’n geitjie kan jy met die hand vang en tog kry jy hom in koninklike paleise.
Hier is nog ŉ paar ander feite oor die vier diere:
**Mier:**
Die Bybel sê dat ŉ mier nie sterk is nie, maar hy is slim genoeg om te weet dat hy in die somer kos moet wegsit om in die winter te eet, want in die winter is daar nie baie kos om te eet nie.
Miere is merkwaardig georden, hulle maak staat op mekaar en is baie sosiaal. Wyfies of koninginne is die grootste. Die mannetjies is die kleinste. Party werkers het ’n voorkeur vir ’n sekere soort werk. Hulle raak dan spesialiste op daardie gebied. Ander verander gereeld van werk.
**Dassie:**
Die Bybel sê dat ŉ dassie nie baie sterk is nie en ŉ baie klein diertjie is, maar hy maak sy nes teen die kranse waar dit eintlik baie gevaarlik is. Eintlik is hy baie slim, want daar is hy baie veilig, omdat daar min gevaarlike diere is wat hom sal kan vang. Daar is baie wegkruipplek tussen die kranse en klippe. Dassies het kort pote, dik pelse en hulle is rond met baie kort stomp sterte. ŉ Dassie is omtrent so groot soos ’n huiskat. Van ver af kan hulle soos vetgevoerde konyne lyk. Dassies kan nie hul liggaamstemperatuur goed reguleer nie. Dis die rede is waarom hulle in die son sit en bak en bymekaar saamdrom.
**Sprinkaan:**
Die Bybel sê dat ŉ sprinkaan nie ŉ koning het nie. Hulle het nie ŉ leier om vir hulle te sê wat om te doen of hoe om te trek nie en tog bly hulle almal mooi bymekaar in een groep. Hulle is klein en swak, maar weet as hulle by mekaar bly, kan hulle baie meer saam doen.
Sprinkane wat in swerms vlieg, word treksprinkane genoem. Hulle kan verskriklik baie skade aan oeste aanrig. Sommige sprinkane het helder kleure om roofdiere te waarsku dat hulle giftig of onsmaaklik is. Op baie plekke in die wêreld word sprinkane (wat nie giftig is nie) geëet. Hulle is ’n goeie bron van proteïen. Soldate word dikwels aangeraai om sprinkane te vang en te eet indien hulle sou verdwaal en die voedsel opraak.
**Geitjie:**
Die Bybel sê jy kan ŉ geitjie met die hand vang. Jy kan hom uit jou huis gooi, maar hy sal altyd weer terugkom. Geitjies bly tot in paleise. As jy in ŉ paleis wil bly, moet jy baie ryk wees of familie wees van die koning, maar nie ŉ geitjie nie. ŉ Geitjie wat so klein is en eintlik niks beteken nie, bly in ŉ paleis.
Geitjies is vandag die enigste soort akkedis wat geluide maak. Party soorte tjirp en blaf selfs, maar die tropiese huisgeitjie maak net so ’n tik–tik–geluid. Geitjies kan uitstekend sien. Hulle is nagdiertjies wat aktief raak wanneer dit skemer word. Hulle gee nie om vir ’n elektriese lig nie, want dié lok die motte en muskiete wat hulle vreet.

Ons het so baie wat ons by hierdie klein diertjies kan leer. Ek dink die belangrikste is wat in Spreuke 1:7 staan: "Kennis begin met die dien van die Here." God het hierdie klein diertjies so slim gemaak, want hulle almal weet hulle is klein. Ons is ook net klein mensies, maar God sal vir ons wysheid gee, net soos Hy vir hierdie klein diertjies wysheid gegee het. Ons moet Hom net leer ken en vir Hom vra vir wysheid. Dit beteken nou nie dat jy nie hoef te leer vir jou toetse nie! Jy kan nie net voor jou toets vir God vra om vir jou wysheid te gee om te weet wat om te skryf nie. Nee, jy sal moet hard werk en leer om daardie kennis te hê.
Wysheid is om te weet wat, hoe en wanneer om iets te doen wat vir God goed en reg is. Soos bv. om te weet om jou toebroodjies met 'n maatjie te deel wat nie kos het om te eet nie. Wanneer 'n maat hartseer is, weet jy om daardie maat te troos.
Jy mag dalk klein of jonk wees, maar God kan jou net soos die miertjies, die sprinkane, dassies en geitjies gebruik.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:
1. Ek wonder watter een van die 4 klein diertjies sou jy graag wou wees.
2. Ek wonder wat het jy by die vier klein diertjies geleer.
3. Ek wonder wat het jy al vir iemand anders gedoen waarmee God jou gehelp het.

**Werskaf**

- Diere legkaart: Die aktiwiteit kan in groepe of individueel gespeel word. Gee vir elke groep 'n dier– of insekprent (verkieslik verskillende prente) wat in stukke geknip is. Die groep moet die legkaart voltooi en sê watter dier/insek die legkaart voorstel. Na afloop van die aktiwiteit kan die legkaart ingekleur word.

- Gee vir kinders die geleentheid om in die sandboks te speel met die verskillende insekte en diere. Gebruik die stokkies en blare en bou huisies ('n habitat) vir die insekte en diere.

- Plastiekmiere: Gee vir elke kind 2 plastiek lepels. Draai die lepels kop–aan–voet met mekaar. Draai die pypskoonmakers om die lepel se handvatsel. Los 'n gedeelte oop vir die pote.

- Kartonmiere: Kopieer die patroon van die mier op karton en pons gaatjies waar die sirkeltjies is. Druk pypskoonmakers deur die gaatjies om die pote te vorm. Skryf die teksvers op die insek se kop of stert. Plak 2 ogies op die 'voorkant' van die insek. Vingerkuns: Gee vir elke kind die geleentheid om sy vingers in die inkkussing te druk en dan op papier te druk. Hulle kan dan die vingerafdrukke gebruik om hul eie insekte te ontwerp.

**Sluit af met die seënbede**